## 22 Maart - EERSTELING

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:16-18 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Jakobus 1:18**

Die Bybel besing Jesus Christus as dié Eersteling. Dit is as gevolg van die geweldige versoeningswerk wat Hy op aarde kom doen het.

In 1 Korintiërs 15:20 stel Paulus dit so: "… Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het."

In Openbaring noem Johannes Hom "… die geloofwaardige Getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het."

Hierdie eerstelingskap dui ook sy ereposisie aan. In Hebreërs 1:3 staan: "Nadat Hy die reiniging van ons sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel." Vers 4: "Hy is net so verhewe bo die engele as wat die Naam van God Hom gegee het, voortrefliker is as hulle naam." Hy is ook die eersteling vir God – die eerste en hoogste van alles.

Deur Hom, God se Eersteling, het ons ook eerstelinge geword. Ons lees in Jakobus 1:18: "… God het ons deur die Woord van die waarheid (dit is die evangelie in Jesus Christus) tot die lewe gebring, sodat ons, om dit so te stel, eerstelinge kan wees van alles wat Hy geskep het." Die herskepping begin dus by die mens. Daarna volg die herstel van alle ander dinge.

In Openbaring 14:4 word van gelowiges gesê: "Hulle is onder die mense uit losgekoop as eerstelinge vir God en die Lam." Die eerstelinge by die oes was gewoonlik die deel wat aan die Here behoort het. Hierdie eerstelinge wat Christus losgekoop het, is die deel van die oes onder die mense wat aan God behoort.

Kan daar 'n heerliker voorreg wees as om saam met Christus 'n eersteling te wees? Dit beteken nie net om eerste voor God te wees onder die mense nie, dit beteken ook om by Hom te wees.

Lewe as 'n eersteling. Baie naby aan God.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 3, 5, 6* *Ds L Vogel (Walvisbaai)*